

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees  
van die waarheid en  
die gees van die dwaling*

REDAKSIONEEL

## Ons belydenis-amen

Die kerk bely die openbaring van God. Dit is amen sê op God se toespraak van die mens. God sê en ons sê hardop agterna - voor Hom, vir mekaar en vir die wêreld. Met die kerk se belydenis beaam ons wat ons van God gehoor het. Sy Woord en Gees spreek ons aan. En ons beaam, ons be-amen sy Woord, die getuienis van sy Heilige Gees. Die ware kerk weet dat hart en mond bymekaar hoort: *As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding* (Romeine 10:9-10).

### Weerspreek of weer spreek

Deur die eeue is die Woord deur die mens weerspreek. Daar is al ontken wat gehoor is, daar is verdraai wat gesê is, daar is woordeloos toegemaak wat Woordeliks oopgemaak is. Dan reageer die kerk gestu en gesteun deur die Woord en Gees op 'n heel besondere manier. Dan spreek die kerk weer haar belydenis uit. Die

kerk sê dan hardop: ons het God só hoor sê. Kyk, saam met ons, hier staan dit só in die Woord. God se aanspraak is die waarheid. Dit verwoord die kerk teen ketterse gekonkel. Dan leer die kerk juis die amen van die belydenis - ook aan die volgende geslag. Die belydenis-amen is die banier wat hoog opgehef word om alle verwarring en verduistering van die Woord te keer en te weer.

Ons sê amen op die Woord van God. Ons herken en erken die waarheid van die openbaring. Dit is géén hoogmoedsdaad nie, maar juis eg menslik: ek wys dat ek gehoor het wat God sê. Die kerk is in sy belydenismoment die ware nederige mensdom. Die belydenis, dié nederigheid is weereens onder verdenking binne die gereformeerde kerke. Die aanslag op die belydenis is fyn. Die ondergraving, in baie variasies, van die belydenis klink soos volg:

- Die belydenis is waar, maar oud. Om met die belydenis 'onder die arm' te loop is om windmeulens teen denkbeeldige vyande te jaag. Tye het verander, daar is

dringender dinge om aan aandag te gee. Wanneer laas het jy 'n Katoliek gesien? Deesdae word kritiek, of dan eerder verwaarlosing van die belydenis versteek onder 'n piëtistiese skynheiligheid. Moenie met my oor die belydenis praat, as Rome brand nie. Daar is werk, daar is koninkrykswerk. Moenie hare kloof nie; evangeliseer, red siele. So klink die nuwe (ou) wekroep.

- Die belydenis is kontekstueel. Dit het waarde om die kerk se stryd van destyds te verstaan, maar ons behoort nie alles presies net so te herhaal nie. Ons kan vir onself dink. Ons leef in ons eie konteks, en ons moet opnuut vir ons eie tyd ons eie belydenis voorberei en voorhou. Ons waardeer die belydenis van die ou kerk, ons het respek vir die belydenispapiere, maar dit is geel papiere. Verouderd, soms effens verkeerd vir 'n nuwe wêreld.
- Die heel dapperes wat moeg is vir die huidige belydenis sê saggies: die belydenis is verkeerd, dit is 'n korset wat ons vryheid in Christus inperk. Dit hou ons weg van die

### INHOUD

1	Redaksioneel <b>Ons belydenis-amen</b>	4	Fokus <b>Kruisiging as teregstellingsmetode</b> <i>F Hohls</i>	10	Op die Kerkerf <b>Sinode 2006 en Handeling 15 (3)</b> <i>Ds GJ Meijer</i>
3	Skrifoordenking <b>Die sendingbevel</b> <i>Dr JG Meijer</i>	6	Aktueel <b>Gelyk voor God of een in Christus?</b> <i>Ds HLJ Momberg</i>	13	Persskou <b>Die eintlike sonde</b> <b>Bybelgebruik oor homoseksualiteit</b> <i>Ds GJ Meijer</i>

mistieke eenheidsbeleving van ander christene wat tog glo, maar die dinge so 'n bietjie anders as ons opvat. Gaan ons nou rasioneel die kerk verdeel net omdat ons daarop aandring dat die belydenis die ware aanhoor van die Woord is? Nee wat, kom probeer 'n nuwe nederigheid wat sê dat daar vele perspektiewe op die waarheid is. Christus is die waarheid. Solank jy dit bely maak die ander sake nie so veel saak nie. Eenheid is mos nie eendersheid nie.

- Dan is daar die sektariese aanklag dat die kerk nie onderskei tussen Woord en woord nie. Die belydenis word verdag gemaak as bloot menslike werk wat maar 'n tydelike interpretasie van die waarheid is - 'n poging om te verstaan. Wie Barth ken weet dat hy met al sy baie bladsye nooit verder kom as 'n verkenning, as 'n neiging na die waarheid nie. Daarom is die kerk se belydenis altyd voorlopig en onvas. Alles, letterlik alles word oopgestel vir gedurige verandering - ook die sogenaamde kernbelydenis oor Christus.

## Saampraat of saam bely

Al hierdie ondergrawings en beskimpinge van die belydenis is nie 'n aanval op die belydenis as sodanig nie, maar is ten diepste 'n aanval op die gesag van die Woord van God. Dit is 'n rugstymakery oor die reg van God om só met ons te praat. Die aanval op die belydenis is die oorwaarding van die mens se woord bo die Woord. Dit is 'n saampraat met God, en nie 'n gesamentlike amen sê op God se openbaring nie. Laat die belydenis-bestormers vir 'n slag erken dat hulle God in die rede val; dat hulle dít wat Hy sê, wat Hy só sê, soos die kerk dit al eeue bely, nie meer wil beaam nie, nie meer amen daarop wil sê nie.

## Is ons kerk of sekte?

Hierdie nuwe stryd oor die belydenis binne die GKSA is geen geringe saak nie. Die wat nog wil

ontken dat daar so stryd ontbrand het, behoort wakker te word uit hulle naïewe slumerslaap. Ons het 'n belydenisstryd op hande. Dit gaan oor die eenheid van die kerk; nie net die huidige beleving van ons kerkverband nie, maar ook die eenheid van die kerk van al die eeue. As toegegee word aan die belydenis- beskimpers, en as toegelaat word dat die belydenis verlaat word of vervang word, as die belydenis-amen vergeet word, dan loop die GKSA die gevaar om sy eenheidsband met die kerk van al die eeue af te sny. Dan tree die groot gevaar na vore dat die kerk 'n sekte word. NGB artikel 29: *Ons glo dat ons sorgvuldig en met groot oplettendheid uit die Woord van God behoort te onderskei watter kerk die ware kerk is aangesien al die sektes wat daar vandag in die wêreld is, hulle ten onregte die naam kerk toe-eien ... Wat die valse kerk betref: dit skryf aan homself en sy besluit meer mag en gesag toe as aan die Woord van God; dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie; dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord beveel het nie, maar neem weg en voeg by na eie goeddunke; dit vertrou meer op mense as op Christus, en dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe en wat die valse kerk oor sy ewels, gierigheid en afgodery bestraf. Hierdie twee kerke kan maklik uitgeken en van mekaar onderskei word.*

Wil ons nog kerk wees? Die kerk, waar bely word dat ons God duidelik gehoor het? Waar die hermeneutiese apparaat, soms ongelowige taalkundige aannames, nie in die weg staan van geloofs-amens nie, maar juis daaraan diensbaar is? Waar die ekumeniese stryd en strewe nie een minuut

agterweë bly nie, omdat die waarheid uit een kleed geweef is, en geen ander sogenaamde waarhede verdra nie? Bely ons nog dat eenheid slegs in die waarheid - Christus die geopenbaarde Woord - lê? Erken ons nog die openbaring as juis dit: openbaring van en vanaf God? Of het ons post-moderne hermeneutiese gepeuter ons daartoe verlei om te dink ons belydenis is 'n woord op sy tyd oor die Woord, die Woord óór God? Waag ons dan nog om dit nederigheid te noem? 'n Ongemak met die belydenis-amen is niks anders as 'n gemaklike ongehoorsaamheid aan die Woord nie. Die ware kerk sê dankbaar: ek skaam my nie oor die amen van my belydenis nie, want dit is die opsomming van die Woord van God. God self sê so en amen sê my lied.

ALAB

## VAN DIE ADMINISTRASIE

As gevolg van stygende koste is ons genoodsaak om die intekengelde vir 2006 te verhoog na R130. Besonderhede van die rekening waar u dit kan inbetaal verskyn in die kolofon hiernaas.

# Die sendingbevel

Die sendingbevel is die laaste opdrag wat die Here Jesus op aarde gegee het. Die Seun van die mens wat heengaan na die Vader (Daniël 7:13) roep sy kerk toe: My volk, gaan die hele wêreld in; verkondig die evangelie aan die ganse mensdom (Markus 16:15). Sluit geen volk uit nie.

Op die oomblik van Christus se soendood aan die kruis skeur die voorhangsel van die tempel van bo tot onder middeldeur (Matteus 27:51). God woon nie meer in dié tempel nie. Die ou bedeling is verby. Die middelmuur wat Israel eeue lank van die heidense volke geskei het is deur die Middelaar van die nuwe verbond afgebreek (Efesiërs 2:11-18).

Na die hemelvaart van Christus word die ou belofte aan Abram eindelijk vervul: In jou sal al die geslagte – ja, al die geslagte – van die aarde geseën word (Genesis 12:3). Die heil is nie meer alleen vir die Israëliete nie, maar ook vir al die ander wat die Here Jesus met sy lewe gekoop het, uit elke taal en stam en volk en nasie (Openbaring 5:9).

Die hele mensheid wat in Adam van God afvallig geword het, word deur Christus, die laaste Adam, na die HERE teruggedroef (Handelinge 2:39; Romeine 5:15). Hy doen dit deur die sendingwerk van sy kerk.

Die sendingbevel is wêreld- en eeue-omvattend. Wêreldomvattend: Wees my getuies tot aan die uiterstes van die aarde, sê die Here (Handelinge 1:8). Eeue-omvattend: Wees 'n sendende kerk tot aan die voleinding van die wêreld (Matteus 28:20). Dié bevel bly aktueel op elke tydstip van die eindgeskiedenis wat met die hemelvaart van Christus begin het.

Waar die evangelis Markus die éénheid van die mensheid beklemtoon – die ganse mensdom (Markus 16:15), lê Matteus die nadruk op die verskeidenheid van die volke – al die nasies (vergeelyk

Matteus 24:14); die verskeidenheid van volke wat die Skepper uit een bloed gemaak het (Handelinge 17:26). Hierdie verskeidenheid mag nie deur sending uitgewis word nie.

Die taalverwarring van Babel (Genesis 11:9) moet bly. Op die Pinksterdag hoor elkeen die verkondiging van God se groot dade in sy eie taal (Handelinge 2:6-11). Gaan na al die nasies, aldus die opdrag van die Heiland. Strewen nie na een kerklike Esperanto, een wêreldtaal, nie. Verkondig die evangelie aan elke volk in sy eie taal.

Troue sendelinge lê nie 'n vernislagie bo-oor die bestaande heidense leefwyse nie. Hulle werk ook nie slegs vir die bekering van individue nie. Nee, hulle prediking is daarop gerig om 'n nasie in al sy lewensverbande en in al sy sedes en gewoontes tot geloof en bekering te bring.

Maak dissipels van al die nasies. Maak dissipels, dit is leerlinge, volgelinge van die Here Jesus.

Verkondig die evangelie van Hom wat gelowiges uit genade verlos en deur sy Heilige Gees die hele lewe vernuwe. Verander nie die bestaande volkseie nie. Smelt nasies nie saam nie.

Elke mens moet in sy volkseie, sy eie nasionaliteit, geskiedenis, taalgebruik, huwelik, gesinsvorming, daaglikse werk, politiek, kuns, wetenskap, ontspanning – kortom, in al sy lewensverbande en -verhoudinge, gedagtes, woorde en werke, geroep word om Jesus Christus te volg en sy Woord te doen. Loof die HERE, alle nasies – met behoud van eie nasionaliteite. Prys Hom, alle volke – elkeen in sy eie kultuur (Psalm 117:1; Daniël 7:14).

Iemand vra: Maar wat van die eenheid van die kerk in 'n verskeidenheid waarin die lid van die een volk sy broeder se taal in 'n ander volk nie kan verstaan nie? Die eenheid van die kerk is nie

daarin geleë dat alle gelowiges een taal praat nie. Die eenheid is die geloof in een HERE en die belydenis van een geloof in 'n veelheid van tale. Die kerk is oor die hele wêreld verspreid en verstrooid. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig (NGB, artikel 27). Geloofseenheid in volkereverskeidenheid.

Hierdie eenheid in verskeidenheid is tot in die nuwe Jerusalem waarneembaar. Die nasies van die wat gered word, sal wandel in die lig van die heerlijkheid van God en van die Lam, die lamp van die Godstad (Openbaring 21:23-24; vergelyk Openbaring 7:9).

Dit beteken nie dat 'n nasie in sy geheel gered word nie; intendeel, op die oordeelsdag sal die Seun van die mens die mense uit elke nasie skei soos 'n herder die skape van die bokke skei. Die gelowiges word vrygespreek en mag die nuwe Jerusalem uit genade beërwe. Oor die ongelowiges vel Hy sy verdoemende vonnis (Matteus 25:31-46).

Die Kneg van die HERE is reeds in die messiaanse profesieë van Jesaja as die lig van die nasies aangekondig (Jesaja 42:6; 49:6; vergelyk Lukas 2:32). Volksgenote wat dié lig gelowig aanneem (Johannes 1:12) word gered. Die HERE reken hulle as die hele nasie. Diegene wat nie glo nie, word in die nuwe Jerusalem nie meer as volksgenote gereken nie.

Wanneer die laaste uitverkorene van 'n nasie oorlede is, het die voortbestaan van daardie nasie in die lig van sy verteenwoordiging in die Godstad geen sin en betekenis meer nie. Die vraag of 'n volk 'n toekoms het, word in die Skrif bevestigend beantwoord – solank as die kerk in sy midde uit lewende lidmate bestaan en die rykdom van die Woord, waaraan hy deel gekry het, deur die sending aan ander nasies oorgedra word.

# Kruisiging as teregstellingsmetode

Hierdie tyd van die jaar gedenk ons die kruisiging van ons Heer en Verlosser. Alhoewel die kruisdood al dikwels uitgebeeld is, is dit tog gepas om vanuit 'n historiese perspektief ook iets daarvoor te sê. Te meer nog aangesien dit wil voorkom asof min mense bewus is van wat 'n kruisiging eintlik behels het en hierdie aangeleentheid vir ons, as christene, van die uiterste belang is.

Die kruisiging as 'n teregstellingsmetode is oorspronklik van Persië afkomstig. Alexander die Grote het tydens sy verowering van Persië hiermee in aanraking gekom. So is hierdie teregstellingsmetode in die Griekse Ryk opgeneem. Die Griekse Ryk is vanaf die tweede eeu voor Christus geleidelik deur die Romeinse Ryk vervang. Daarmee is hierdie teregstellingsmetode ook deur die Romeine oorgeneem.

Twee beginsels ten opsigte van 'n suksesvolle kruisiging was van belang:

- die pyn wat tydens die proses aan die veroordeelde toegedien word, moes so groot as moontlik wees;
- die pyn moes so lank as moontlik voortduur voordat die veroordeelde tot sterwe kom.

Indien die toegediende pyn te groot was, sou die veroordeelde te gou tot sterwe kom. Aan die ander kant, indien die veroordeelde te veel tyd gegun sou word om te sterf, sou dit beteken dat die toegediende pyn nie intens genoeg was nie. 'n Goeie balans tussen hierdie twee beginsels was dus van belang. 'n Normale persoon het tussen twee tot drie dae aan 'n kruis gehang voordat hy gesterf het. Pilatus sou later dan ook verbaas wees om te hoor dat Jesus so gou oorlede is.

Kruisiging het in die openbaar plaasgevind en alle verbygangers kon dit aanskou. Dit het sodoende as 'n afskrikmetode gedien. Só verskriklik

was hierdie teregstellingsmetode dat dit volgens Romeinse wetgewing nie op Romeinse burgers toegepas kon word nie. Kruisiging is vir slawe en ander onderdrukte volke gereserveer.

Die Joodse Hoë Raad het onder Romeinse delegasie self oor algemene en minder ernstige asook religieuse sake beslis. Vonnisse kon ook gevel en uitgevoer word. Die hoëpriesters wat voorgesit het, was deurgaans wreed en hulle dienaars het nie gehuiwer om die volk met stokke en knuppels te slaan nie. Jesus sê dan ook vir die hoëpriesters se dienaars: 'Was dit vir julle nodig om met swaarde en stokke uit te gaan om My te vang asof Ek 'n rower is?' Eiebelang was aan die orde van die dag. Die hoëpriester Annas se naam is in die verband ook in 'n Joodse spotlied van daardie tyd genoem: 'Ek kry seer voor die huis van Annas, ek kry seer deur hulle vernederings, ... want hulle is hoëpriesters en hulle seuns invorderaars en hulle skoonseuns bestuurders en hulle dienaars slaan die volk met stokke en knuppels'. Die Joodse bevolking was bang vir hulle eie hoëpriesters, wat tog die vaders van die volk moes wees. Verwys in dié verband na Jesus se voortdurende teregwysings aan die Fariseërs en skrifgeleerdes oor hulle gedrag.

Die doodsvonniss en sy voltrekking, die *ius gladii* (reg van die swaard) was nie aan die Joodse Hoë Raad gedelegeer nie, maar het onder die Romeinse goewerneur gesetel. Pontius Pilatus was vanaf 26 tot 36 nC die Romeinse goewerneur. Hy was wreed. Sy hardvogtigheid het geen einde geken nie. Gedurende sy tyd was omkoperij en gewelddadigheid aan die orde van die dag. Johannes die Doper sê reeds aan die soldate dat hulle met hulle soldy tevrede moet wees. Roof, onderdrukkings, vernederings en teregstellings sonder 'n geregtelike verhoor was alledaags.

Pilatus het die Jode gehaat en verag.

Pilatus het dadelik erken dat Christus onskuldig is en het nie gehuiwer om dit te bevestig nie. Die Joodse skare, onder aanhulping van die lede van die Hoë Raad, het egter geskreu: 'As u hom loslaat, is u nie die keiser se vriend nie. Elkeen wat homself koning maak, kom in verset teen die keiser'. Hierdie dreigement van die volk het hom tot ander insigte gebring. Hoekom het Pilatus geskrik?

Die dreigement om hom weens pligversuim by die keiser te verklaar was gevaarlik. Iemand wat homself as koning verklaar, maak homself skuldig aan hoogverraad. Volgens die *Lex Juliana* was die doodstraf daarop. Verder het Pilatus vantevore die goue skilde, met die keiserlike embleme daarop, na die heilige stad Jerusalem gebring en hulle in die burg Antonia laat ophang. Hierdie burg is deur die eerste Herodes gebou en in 68 vC na die veroweraar van Jerusalem, Markus Antonius, vernoem. Dit is later deur die Romeinse owerheid oorgeneem en as *praetorium* gebruik. Herodes was nie 'n Jood nie, maar 'n Idumeër; 'n afstammeling van Esau. Hy is deur Rome in sy pos aangestel. Die ophang van die goue skilde in Jerusalem was 'n vergryp teen die spesiale toegewings wat deur Rome aan Judea gemaak was. Pilatus het botweg geweier om die skilde te verwyder. Die Jode het die saak destyds onder keiser Tiberius se aandag gebring en hom versoek om die skilde uit Jerusalem te laat verwyder. Die keiser het persoonlik opdrag gegee dat aan die Jode se versoek voldoen moet word. Hierdie gebeure het Pilatus reeds in onguns by die keiser gebring. 'n Verdere klag weens pligversuim kon dalk rampspoedige gevolge gehad het.

Na afloop van verdere pogings om uit sy dilemma te kom, het Pilatus aan die Jode se eis toegegee.

'n Kruisiging is met géseling voorafgegaan. Tydens 'n géseling is die veroordeelde aan 'n pilaar vasgemaak en met 'n gésel geslaan. 'n Gésel het 'n aantal leertoue gehad waarin stukke yster, glas en soortgelyke voorwerpe vasgeveg was. Hierdie voorwerpe het die gegéselde se vlees letterlik uitmekaar geskeur. Houe is op die rug- en voorkant van die liggaam toegedien. Die géseling het aangehou totdat die veroordeelde se vleis letterlik in bloedige repe van hom afgehang het. Sommige skrywers beweer dat slegs nege-en-dertig houe op die rug met 'n gésel toegedien is. Die Here het aan Moses opdrag gegee dat in gevalle waar lyfstraf toegedien word, nie meer as veertig houe toegedien mag word nie. Die skrifgeleerdes en Fariseërs het in hulle ywer om te voorkom dat die aantal van veertig houe nie per abuis oortree word nie, die wet só gewysig dat veertig minus een hou die maksimum aantal houe was wat toegedien mag word. Dit was egter Joodse wette en het die Romeine nie aangegaan nie. Die géseling wat 'n kruisiging voorafgegaan het, was nie tot nege-en-dertig houe beperk nie en is, soos hier beskrywe word, uitgevoer.

'n Doringkroon was nie deel van 'n standaard kruisiging nie. Dit is in hierdie geval gebruik omdat Jesus bevestig het dat hy 'n koning is. Watter soort struik hiervoor gebruik is, kan plantkundiges nie met sekerheid sê nie. Die meerderheid wetenskaplikes is van mening dat dit die siriese 'Christdorn' *Zizyphus spina christi* moes gewees het. Hierdie struik groei tot 'n hoogte van ongeveer drie tot vyf meter. Dit het soepel, wit takke. Die blare het by die plek waar hulle aan die tak vasgeheg is, twee teruggevoude dorings, amper soos 'n vishoek. Die struik het in die omgewing van die ou stad Jerusalem, en veral Golgota, voorgekom.

Die pad vanaf die Romeinse *praetorium* na Golgota, die *via dolorosa*, was genadiglik kort; ongeveer 'n duisend meter. Golgota was langs die noord-westelike toegang na Jerusalem, net buite die stad geleë. Langs hierdie weg moes die veroordeelde sy kruis self

dra. Gewoonlik was dit slegs die dwarshout en nie die volledige kruis nie. Die regop pale is vermoedelik na afloop van 'n kruisiging by Golgota in posisie gelos, gereed vir die volgende vonnisvoltrekking. Die gewig van die dwarshout kon egter reeds genoeg wees om 'n veroordeelde ná afloop van die grusame géseling inmekaar te laat stort.

Dit was ook gebruiklik om die veroordeelde wyn, waarin mirre opgelos was, langs die *via dolorosa* te drinke te gee. Die goeie vroue van Jerusalem het dit as 'n laaste diens van barmhartigheid aan die veroordeelde beskikbaar gestel. Hierdie drankie het die veroordeelde in 'n gedeeltelike bedwelming geplaas waardeur sy pyn ietwat verlig is. Voor die dae van verdowningsmiddele is bedwelvende drankies op dieselfde manier aan pasiënte gegee wat 'n operasie moes ondergaan. Jesus het nie hiervan gebruik gemaak nie. Die vasspykering aan die kruis het nog voorgeleë.

Spykers is gebruik om die veroordeelde aan die kruis vas te spyker. Indien die spykers deur die handpalms geslaan sou word, sou dit beteken dat die liggaamsgewig sou veroorsaak dat die spykers uit die handpalms sou skeur. Om dit te voorkom is die spykers nie deur die handpalms geslaan nie maar deur die voorarms, net bokant die gewigte. Die handgewrig het dan voorkom dat die spykers uitskeur en die veroordeelde het bly hang.

Romeinse soldate het 'n goedkoop soort appelwyn as deel van hulle daaglikse rantsoen ontvang. Hierdie wyn kon ook as asyn beskryf word. Die soldate wat by 'n kruis diens gedoen het, sou hulle daaglikse rantsoene saamneem. Die 'asyn' wat kort voor Jesus se beswyking aan hom gegee was, was heel waarskynlik van die goedkoop appelwyn en nie werklik asyn nie.

Waraan het 'n veroordeelde uiteindelik beswyk? Die mediese wetenskap het 'n antwoord hierop probeer soek. Navorsing het bevestig dat, indien iemand aan albei arms opgehang word, die bloed vinnig na die onderste deel van die liggaam toe vloei. Dit veroorsaak dat die

bloeddruk reeds binne ses tot twaalf minute met die helfte verminder en die hartklop verdubbel. Die gevolg is 'n tekort van bloedvoorsiening aan die hart en brein. Weens hartversaking tree die dood daarna vinnig in. Hierby kan die liggaamskok wat deur die géseling veroorsaak is, ook nog gevoeg word.

Hoe is dit dan dat veroordeeldes normaalweg twee tot drie dae geleef het voordat hartversaking ingetree het? Teen die regop paal is daar gewoonlik 'n voetstut, *cornu*, of soms 'n klein dwarshout as sitplek, *sedile*, aangebring. Indien die benoudheid te erg geword het, kon die veroordeelde op die voetstuk staan en sodoende die bloeddruk ietwat normaliseer. Wanneer uitputting weer toegeneem het, het hy opnuut aan sy arms, met die gepaardgaande verlaging in bloeddruk, gehang. Hierdie twee prosesse het mekaar voortdurend afgewissel. Hartversaking is daardeur uitgestel.

Indien die dood weens een of ander rede vinniger moes intree, is daar tot die *crurifragrium* oorgegaan. Die *crurifragrium* beteken dat die bene van die veroordeelde, terwyl hy nog aan die kruis hang, met knuppels stukkend geslaan is. Daardeur het hy die gebruik van sy bene verloor en kon homself nie meer stut nie. Hartversaking het daarna vinnig ingetree.

Volgens Joodse wetgewing (Deuteronomium 21:22-23) was dit nie toegelaat dat 'n veroordeelde wat aan 'n paal opgehang is, se lyk oornag daar bly hang nie. Hy was deur God vervloek en sy lyk moes nog dieselfde dag begrawe word. Die Jode het Pilatus derhalwe laat die middag versoek om tot die *crurifragrium* oor te gaan. Dit is dan ook so gedoen. Toe die soldate egter by Jesus kom, het dit geblyk dat hy reeds oorlede was. Om in sulke gevalle te verseker dat die veroordeelde werklik dood is en nie met 'n skyndood dalk lewendig sou wegkom nie, is die buikholte van onder af met 'n spies deursteek. Nie net een ligte steek nie, maar op só 'n manier dat die hart en longe in stukke gestee is. Dele daarvan sou dan letterlik by die oop buikholte

uitval. Dit is onmoontlik om 'n paar dae later te kan beweer dat die veroordeelde deur vriende weggedra en gesond gedokter is.

'n Kruisiging was nie dít wat deur befaamde skilders, soos Albrecht Dürer en andere, asook in ouer rolprente aan ons voorgehou word nie. Daar kry 'n mens soms die indruk dat dit tog nie heeltemal so erg kon gewees het as wat dit soms aan ons voorgehou word nie. Slegs 'n druppel bloed in elke handpalm asook 'n paar verdwaalde druppels op die voorhoof. Dit kan 'n mens tog seker verduur, of hoe? Die Romeinse geskiedskrywer, Cicero, berig egter dat dit die grusaamste en verskriklikste doodstraf was. Die Joodse geskiedskrywer, Flavius Josephus, beskryf dit as die

afstootlikste manier om te sterf. Dit was só afskuwelik dat Rome die kruisiging as strafvoltrekking in latere eeue afgeskaf het.

'n Verdere wanindruk moet nog uit die weg geruim word. Soms word beweer dat géseling en kruisiging 'n dubbele straf was en dat Pilatus derhalwe reeds gefouteer het toe hy Jesus eers laat gésel en later ook nog laat kruisig het. Dit is foutief, aangesien 'n kruisiging deur 'n géseling voorafgegaan is. Die géseling was deel van die voltrekking van die kruisiging en het gesorg dat daar aan die beginsels wat bo gelys is, voldoen word.

Wat het later van Pilatus geword? Die geskiedenis swyg hieroor, maar oorlewering wil dit hê dat hy later deur die keiser na Rome teruggeroep

is. Die hele Romeinse Ryk was in rep en roer oor 'n onskuldige persoon wat Pilatus sou laat kruisig het en wat later weer opgestaan het. Hy is blykbaar na Gallië, die huidige Suid-Frankryk, verban. Daar het hy uiteindelik selfmoord gepleeg. 'n Ander oorlewering verduidelik dat hy na Switserland, naby Lucerne, verban is. Die berg bokant Lucerne is ook na Pilatus vernoem.

Dit is grusame gebeure maar dit is tog nodig dat ons as christene besef wat die Here werklik vir ons deurgemaak het. Sy lyding was beslis nie 'n gebeurtenis wat as 'iets wat tog nie werklik so erg kon gewees het' afgemaak kan word nie!

\* Die skywer is lid van die Lutherse Kerk.

## AKTUEEL

Ds HJ Momberg, Pretoria – Die Kandelaar

# Gelyk voor God of een in Christus?

## 'n Skrifstudie oor Galasiërs 3:28

Paulus, 'n hartseer apostel, wat soveel moeite gedoen het om die evangelie van Christus suiwer aan die Galasiërs te verkondig, is van voor af in barensnood. Sy werk is deur Joods-gnostieke leraars getorpedeer. Volgens Galasiërs 3:1 het hulle die gemeentes betower. Die gemeentes van Galasië is in verwondering oor die verstommende sogenaamde dieptes waartoe die gnostici met hulle besondere 'kennis', buite Christus om, kom. Dit is 'n groot teleurstelling, want Paulus het die evangelie so duidelik aan hulle verkondig asof Christus voor hulle oë gekruisig is.

Hy roep hulle tot verantwoording. Hoe het hulle die Gees ontvang? Hoe het die lewendmakende Gees van God by hulle kom werk (vergelyk Johannes 3)? Dit is die

saak waaroor dit in die hele brief en ook in hoofstuk 3 gaan. Is dit deur die werke van die wet of deur die prediking van die geloof? Die Jode onder hulle wil hê dat dit deur die werke van die wet moet wees. As iemand nie 'n Jood is wat die wetboek van die voorvaders ontvang het en veral ook nog steeds die skaduagtige voorskrifte daarvan onderhou nie, maar 'n Griek is, is hy 'n *minderwaardige* gelowige. As iemand nie 'n vryman is wat as kind van Abraham met superieure regte die wet kan toepas nie, maar 'n slaaf is, is hy 'n *minderwaardige* gelowige. As iemand nie 'n man is wat die orde gerieflik despoties sonder teësprak kan dikteer nie, maar 'n vrou is, is sy 'n *minderwaardige* gelowige. So klink ook die daaglikse gebed van die Judaïs wat God dank dat hy nie 'n heiden, 'n slaaf of 'n vrou

is nie. Hy dank God dat hy nie 'n *minderwaardige* gelowige is nie.

Daarteenoor toon Paulus vanuit die Ou Testament die waarheid aangaande die saligheid soos dit in Christus vervul is, aan: die lewewekkende werking van die Heilige Gees het nie anders as deur die verkondiging van die geloof in Christus na hulle toe gekom nie. Geloof is die gawe van God waardeur ons, ongeag ons stand, bloedlyn of geslag, die saligheid in ontvangs neem. In hoofstuk 3 vers 28 kom Paulus by die toepassing van dié leer. Die toepassing dien tegelyk as noodsaaklike regstelling van die heersende dwaling.

## 'n Ou probleem

Die probleem wat Paulus aanspreek was geen nuwe probleem nie, maar

so oud soos die verbondsgeskiedenis self. Om maar een voorbeeld te noem: Jona, die patriotiese profeet, het onder hierdie dwaling swaar gely. Hy moes op 'n bitter manier leer dat die saligheid, asook iemand se waardigheid ten aansien van die saligheid, nie bepaal word deur materiële kwaliteite soos bloedlyn, stand, geslag of volksverband nie. Die Jode het hulleself in prioriteitsposisies ten aansien van die saligheid gekategoriseer – dan het dit saak gemaak of jy 'n Jood of 'n Griek, 'n slaaf of 'n vryman, 'n man of 'n vrou is. Selfs binne die dissipelkring van Jesus het die strewe dikwels kop uitgesteek om te wedywer na wie die belangrikste in die koninkryk sal wees. Telkens moes en het Jesus op die nederigste en mins-geagte mense onder hulle gewys.

Paulus spreek dieselfde probleem onder die betowerde Galasiërs aan. Hulle ly swaar onder die aanslag van die Judaïsme wat steeds hierdie hoogmoedswaan in die gemeente wil laat geld. Die Joods-gnostieke leiers het christene daartoe verlei om steeds op 'n tipies Joodse manier saligmakende waardes aan die besit van 'n statusposisie te koppel: of jy Jood of Griek is, slaaf of vryman, man of vrou. Vanuit die Ou Testamentiese verbondsgeskiedenis toon Paulus in Galasiërs 3 aan dat, wanneer dit oor ons waardigheid binne die saligheid gaan, daar nie meer onderskeiding in terme van volk, stand of geslag geld nie. Materiële en biologiese onderskeidings, of sosiale en kulturele strukture en konvensies wat onder ons gebruiklik is, is nie geldig wanneer dit oor ons ewigheidsbelang gaan nie. Wanneer dit oor ons ewigheidsbelang gaan is slegs een kriterium geldig, en dit is of ons in Christus is. In Christus is almal wat salig word – die hele *liggaam van Christus* met al sy variasies en

verskeidenheid van ledemate – ewe welgeluksalig.

### Wie is die onderskeie mense in vers 28 nou eintlik?

Dit gaan hier nie oor mense wat buite Christus staan nie – miskien wel mense wat voorheen buite Christus was. Paulus beskryf hier nie die breë sosiale maatskappy in die wêreld nie – ook al is die mense vir wie hy skryf nie geïsoleer van die sosiale maatskappy nie, maar volledig daarbinne ingeskakel.

- Hy is nie – ten opsigte van die verwydering van die onderskeid tussen slaaf en vryman – besig met 'n Marxistiese of Frans-revolusionêre politieke teologie wat die slaaf-vryman verhouding wil omverwerp nie.
- Hy is ook nie – ten opsigte van die verwydering van die onderskeid tussen Griek en Jood – met die globalistiese Babiloniese teologie besig wat die onderskeiding tussen volkere wil verander tot 'n universele wêreldburgerskap nie.
- Ten opsigte van die verwydering van onderskeid tussen man en vrou, is hy nie besig met die feministiese teologie wat die onderskeid tussen man en vrou ongedaan probeer maak nie.

Kortom: Paulus hou hom nie op met die sosiale politieke bevrydingsteologie waarmee ons in die laaste eeu op verskeie terreine so fel gebombardeer word nie. Die geldigheid van sy lering sal ook nooit irrelevant word wanneer in die komende eeue of in ander plekke ander sosiale strukture onder die mense tot stand sou kom nie.

Dit gaan hier uitsluitlik oor die gelowiges wat uit verskillende volke en stande aan God se verbond met Abraham deel kry. Dit

gaan eksklusief oor die kerklike gemeenskap wat deur die uitvoering van die sendingopdrag (kyk Matteus 28) dissipels van Christus word, tot geloof gekom het, gedoop is in die Naam van die drie-enige God en geleer word om alles te onderhou wat Jesus beveel het.

### Interpretasie stry met die teks

Die foutiewe interpretasie van Galasiërs 3:28 is daarin geleë dat 'n ongeldige vereenselwiging gemaak word tussen die letterlike uitdrukking 'een in Christus' (*eis en Christoi*) in die Griekse teks en wat die verklaarders interpreteer as 'gelyk in Christus' (*omoioos en Christoi*) of selfs 'gelyk voor God' (*omoioos pros ton Theon*).

So byvoorbeeld Van Rensburg en Möller:<sup>1</sup> 'Dit gaan nie oor die opheffing van die onderskeid tussen Jode en Grieke nie, maar om hulle gelykheid voor God.' So 'n interpretasie van die teks is in der waarheid 'n plaasvervanging van die geïnspireerde teks.

'n Verdere implikasie hiervan is dat hierdie foutief geïnterpreteerde gelykheid sou inhou dat almal gevolglik ook aan mekaar gelyk is en daarom noodwendig tot dieselfde taak, funksie, posisie en status in die samelewing (en daarom veral ook in die kerk) bemagtig of geregtig is – asof hierdie reg deur Christus aan die kruis verdien is.<sup>2</sup>

Daar is ook Bybelleers en/of verklaarders wat die tekswoorde as 'n soort *locus classicus* (die grondliggendste plek, die klassieke plek in die Bybel) neem, wat ondanks die res van die Skrif, die beginsel sou verskaf om die onderskeidende funksies en posisies van mense afskaf.<sup>3</sup> Die teks sê immers self dat daar 'geen' onderskeid meer is nie.

1 Die relevansievlak(ke) van Galasiërs 3:28 vir die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing. In die Skriflig 32(1), 1998:69-84.

2 'n Tipiese beskrywing van die standaard argumentasie van die bevrydingsteologie vind ons in die openingsparagraaf van die verklaring van 32 predikante pas na afloop van die Nasionale sinode van die GKSA 2006 (versorg deur WC Vergeer en T van der Walt): 'Die reg van vroue om God in die besondere ampte te dien, is geen mensereg nie. Dit is geen geslag se reg nie. Dit is nie 'n vergunning van 'n sinode wat dan gegee en vervolgens geneem kan word nie. Dit is en bly die reg van Jesus Christus alleen. Hy het dit aan die kruis verdien'.

3 Byvoorbeeld T van der Walt in 'n toespraak voor die studente en professore van die Teologiese Skool Potchefstroom. Hy stel onder andere: 'Soos met die kwessie van slawerny: God hou ook in sy openbaring rekening met die tydsomstandighede, soos die kwessie van hoofbedekking vir vroue - hoe lank nie 'n hewige debatspunt op kerklike vergaderings nie. En toe dié nie tot 'n besluit kon kom nie, het die vroue hoedloos kerktot begin gaan, en al die studiekommissies van hoeveel kerkrade het irrelevant geword. Sou so iets nie dalk ook met die strydpunt 'die vrou in of uit die amp' kan gebeur nie? Ondanks begrip vir die tydsomstandighede en sensitiwiteit daarvoor, word die beginsel baie duidelik gestel soos in - weereens - Galasiërs 3:28 en Kolossense 3:11. In ons uitlewing daarvan moet ons sekerlik ook rekening hou met die hedendaagse tydsomstandighede, natuurlik egter sonder om enigins daaraan vetoreg te gee'.



So 'n verregaande verdraaiende omgaan met die teks is reeds deur prof Greijdanus in sy *Teologiese kommentaar op het Nieuwe Testament van Galasiërs 3:28* as strydig met hierdie teks afgewys. Hy skryf onder andere die volgende:

'De dwaalleeraars zeiden, dat wanneer zij niet besneden werden, zij niet zalig konden worden, Hand. 15:1, dus geen deel in Christus en Zijn heil hadden. Neen, zegt de apostel, gij, ook gij, zijt een in Christus. εἰς niet ἐν, hoewel de lezing ἐν ook voorkomt, doch denkelyk door verandering van het oorspronkelyke, misschien in verband met het volgende ἐν. Het onzijdige zou eene onbepaalde eenheid aanduiden, εἰς wijst op het persoonlyke; vgl. ook Eph. 2:15. Zij vormen als een persoon. Niet ὁμοιοι (Afr. eenders HLJM) noch ἰσοι (Afr. gelyk HLJM), gelyk, waardoor overeenkomst van hoedanigheid, gesteldheid, houding, aangegeven zou zijn. εἰς spreekt van onderlinge verbinding tot eene volstreckte eenheid als een persoon (kursivering HLJM); vgl. ook Rom. 12:4-5. εἰς ook hier, evenals in vs. 26, ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ vgl. bij vs. 26. Deze eenheid is in Hem gegrond, en bestaat in Hem. Met dit vers wordt verscheidenheid van dienst in 's Heeren gemeente niet uitgesloten, vgl. 1 Cor. 12:13 vv., en evenmin gezegd, dat voor het gemeentelyke leven en optreden en werken, en ten aanzien der ambten, geslachtelyke verschillen voorbijgezien moeten worden, en van geene beteekenis meer zijn, vgl. 1 Cor. 14:34-35; 1 Tim. 2:11 vv. De apostel handelt hier niet over de diensten in 's Heeren gemeente, maar over deel aan Hem en de verbinding der geloovigen onderling en in Hem, met betrekking tot de genieting van het heil Gods in Christus, zooals ook nog weer uit vs. 29 blykt.'

### **Absoluut geen onderskeid nie?**

Dit is belangrik dat kennis geneem word van die absolute uitdrukkings wat ons in die Skrif kry en hoe hierdie terme in die algemeen deur mense gebruik word. Dink aan die woorde: alles, almal, hele, niemand,

niks, geen. Absolute terme word in enige taalgebruik nooit absoluut ongekwalifiseerd gebruik nie, maar altyd nader bepaal deur die konteks waarin dit gebruik word. 'n Soektog deur die Skrif met die sleutelwoorde: hele, alles, geen en niks, lewer telkens die resultaat op dat wanneer hierdie absolute woorde gebruik word, dit deur die verdere omskrywing nader gekwalifiseer word.

So moet dit ook in Galasiërs 3:28 verstaan word. Wanneer Paulus sê dat daar 'geen' onderskeid meer tussen mense is nie, moet ons uit die konteks gaan vasstel in watter sin hy dit bedoel het. Die konteks is kennelik die tema van die saligheid – die verlossing kan alleen deur die genade wat God aan ons in Christus bewys het, verkry word. Wat hierdie saak betref is daar géén uitsonderings te vinde nie. Gevolglik die reformatoriese slagspreuke: *sola gratia, solo Christo* en *sola fide*. Hierin is daar 'geen' onderskeid tussen mense wat salig word nie. Die rede daarvoor is dat God alle mense wat salig word in Christus ver-enig het. Hulle is een in Christus.

### **In Christus een**

Een-wees in Christus is 'n baie bekende Pauliniese begrip. In Galasiërs 3 ontwikkel hy die verkondiging van ons een-wees in Christus pertinent as die een weg na saligheid:

Die een weg van saligheid deur die geloof vir almal word vanuit die Ou Testament aangetoon met die volgende argumente:

#### **• Abraham het alreeds die saligheid alleen deur die geloof ontvang**

o Galasiërs 3:6: *Net soos Abraham in God geglo het, en dit is hom tot geregtigheid gereken.*

#### **• Dieselfde grondbeginsel van die saligheid geld net so vir almal wat as kinders van Abraham kwalifiseer**

o Galasiërs 3:7: *Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham.*

#### **• Menslike prestasies soos die onderhouding van die wet as kenteken van hoogwaardigheid kan nie vir die saligheid deug nie**

o Galasiërs 3:10: *Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie. Galasiërs 3:11: En dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe. Galasiërs 3:12: Maar die wet is nie uit die geloof nie, maar die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe. Galasiërs 3:13: Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word - want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang. Galasiërs 3:14: sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.*

#### **• Dit is soos die beeldspraak dat iemand in geloofsverwachting leef wanneer hy die belofte ontvang dat hy as 'n erfgenaam in iemand se testament benoem is**

o Galasiërs 3:15 *Broeders, ek spreek menslikerwys: selfs 'n mens se testament wat bekragtig is, maak niemand tot niet of voeg daaraan toe nie. Galasiërs 3:16: Nou is aan Abraham die beloftes toegegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus.*

#### **• Die feit dat die wetgewing later by Sināi bygekome het, het geensins die oorspronklike beginsel van die geloofsverwachting om 'n erfgenaam op grond van 'n testamentêre belofte van God te wees met iets anders vervang nie; intendeel, dit het hierdie beginsel juis bevestig**

o Galasiërs 3:17: *Maar ek sê dít: die wet wat vier honderd en dertig jaar later gekome het, maak die verbond wat deur God in Christus vantevore bekragtig is, nie kragteloos om die belofte*



tot niet te maak nie. Galasiërs 3:18: *Want as die erfenis uit die wet is, dan is dit nie meer uit die belofte nie. Maar God het dit aan Abraham deur 'n belofte genadiglik geskenk.*

• **Die waarde van die wet was juis om hierdie oorspronklike grondbeginsel, wat vir almal wat salig word geld, as 'n seremoniële illustrasie te laat dien totdat die beloofde Middelaar dit vervul**

o Galasiërs 3:19: *Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom; en dit is deur engele beskik deur tussenkoms van 'n middelaar. Galasiërs 3:20: En die middelaar is nie net vir een nie; maar God is een.*

Paulus beskryf ons een-wees in Christus ook met die liggaam-metafoor in sy briewe aan die Efesiërs, Korintiërs en die Romeine. Hierdie metafoor is noodwendig baie sprekend. Dit is ooglopend dat alle ledemate van 'n liggaam nie 'gelyk' is nie, veral omdat hulle nie almal dieselfde funksie verrig nie. Tog is hulle almal 'een'. Hulle is in die hoof verenig.

So kom helder aan die lig dat hy dit nie in Galasiërs 3:28 wil hê oor hoe gelyk God die ongelykes gemaak het nie, maar hoe Hy almal op een manier salig gemaak het. Daar is naamlik nie verskillende weë na die saligheid nie. Wat dit betref is daar geen onderskeid tussen man en vrou nie. Daar is maar één weg – dit is die nuwe en lewende weg in Christus.

Wanneer die sendingopdrag uitgevoer en die nasies tot dissipels gemaak word, verander dit mense wat in verskillende stande en state is se beskouing van en houding teenoor mekaar. Prakties: Wat het, in Christus, tussen Ragab die Kanaäniet of Rut die Moabiet en die res van Israel gebeur toe hierdie vroue ook die genadeverbond deelagtig geraak het? Wat het, in Christus, tussen Sara en Abraham gebeur nadat beide van hulle – man en vrou – in God se genadeverbond opgeneem is?

Daar vind 'n ingrypende situasieverandering tussen mense plaas wanneer hulle die gemeenskaplike saligheid in Christus deelagtig raak. Paulus beskryf in 'n kort briefie aan Filémon die situasieverandering wat ingetree het nadat die droster-slaaf Onesimus, onder die bediening van die Woord, tot geestelike geboorte gekom het. Die slaaf-meester-verhouding is eintlik 'n oppervlakkige en minderwaardige verhouding in vergelyking met wat hulle intussen in die Here vir mekaar geword het. Hulle het in die Here ook broeders vir mekaar geword.

Wat hieruit duidelik word, is dat hulle christenskap nie hulle lewenstruktuur ten opsigte van mekaar vervang nie, maar tog bring die werking daarvan hulle op 'n besondere manier byeen en gee daarmee egte waarde en sin. Hulle oorspronklike menslike staat – Jood, Griek, slaaf, vryman, man, vrou – word nie vernietig nie. Hulle is in presies dieselfde menslike staat waarin hulle geroep is, maar nou in Christus verenig.

Het hulle aan mekaar gelyk geword noudat Onesimus tot bekering gekom het? Nee, nie gelyk nie. Het hulle posisionele en funksionele verhouding teenoor mekaar verander noudat Onesimus tot geloof gekom het? Waar hulle posisie, gesag en funksie voorheen ongelyk was, het dit dan nou gelyk geword? Nee. Die kwaliteit van hulle verhouding het egter verdiep, verhoog en verbreed. Hulle het 'n nuwe ewigheidsband met mekaar verkry waarin hulle met mekaar onder die persoon Christus verenig is. Die aardse gesagsverhouding is nie uitgewis nie, maar verchristelik. Dit beteken nie hulle is nou ewe skielik gelyk voor God nie, maar hulle is ondanks hulle verskille in status één in die diens voor God, één in Christus. Dus is Onesimus nou 'n buitengewone slaaf vir Filémon, en Filémon 'n heel buitengewone meester vir Onesimus. 'Want miskien is hy om hierdie rede 'n tydjie van jou geskei, dat jy hom vir altyd kan besit, nie meer as 'n slaaf nie, maar méér as 'n slaaf, as 'n geliefde broeder in

die vlees sowel as in die Here, veral vir my, hoeveel te meer vir jou' (Filémon vers 15,16).

Dieselfde geld vir die man-vrou verhouding. Petrus skryf hieroor in 1 Petrus 3 waar hy belangrike voorskrifte gee van hoe hulle as gelowiges teenoor mekaar moet optree, omdat hulle 'mede-erfgename van die genade' is. Hulle 'mede-erfgenaamskap' het nie meegebring dat daar ongekwalifiseerd 'geen onderskeid' meer tussen hulle is nie, maar die bestaande verhouding as getroude egpaar het deur hulle mede-erfgenaamskap 'n dieper dimensie verkry. So kan Petrus sonder moeite die voorbeeld van Abraham en Sara uit die Ou Testament ter illustrasie van hierdie leer aan die Nuwe Testamentiese gelowiges gee.

## **Die gelowiges is één soos wat God één is**

Dat één in Christus nie sonder meer gelyk voor Christus of gelyk teenoor mekaar kan beteken nie, illustreer ek aan die hand van wat Paulus in Galasiërs 3:20 bedoel met die woorde 'maar God is een'. Hy gebruik hier presies dieselfde Griekse woord as in vers 28. Dit bedoel dat daar geen verdeling in God is nie. Veel eerder is hierdie, op tipies Pauliniese manier, 'n aanhaling en verwysing na die Ou Testament in Deuteronomium 6:4 'Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE'. Hierdie uitsprake word elders deur die HERE self nader uigelê dat naas Hom geen ander God is nie. God het geen gelyke nie. God se heilsdade is 'n refleksie van sy wese. Hy maak mense nie op verskillende maniere salig nie. Daar is by Hom geen verandering of skaduwee van omkering nie. God is één. Sy werke is één.

In hierdie opsig sou dit eweneens 'n verdraaiing van die teks wees as ons dit hier sou vertaal of interpreteer met: God is gelyk. God openbaar Homself in drie afsonderlike persone: Vader, Seun en Heilige Gees. Die Johannese geskifte bied 'n antwoord op die vraagstuk van die betekenis van die eenheid van God. In die Here Jesus se hoëpriesterlike

gebed (Johannes 17) word die woord één 'n paar keer gebruik, maar so dat die éénheid wat ons as gelowiges met mekaar het, regstreeks verbind word aan die éénheid wat die Seun met sy Vader het.

**Johannes 17:11:** *En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons.*

**Johannes 17:21:** *dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.*

**Johannes 17:22:** *En Ek het hulle die heerlijkheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is.*

**Johannes 17:23:** *Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.*

Sou ons kon sê dat die Vader en die Seun gelyk is, terwyl hier staan dat hulle een is? Ons beweeg hier op 'n gebied wat in die kerkgeskiedenis groot verstaansprobleme opgelewer het. Die geloofsbelydenis van Atanasius – teen die dwalinge van Arius – het hierdie probleme tot 'n einde gebring.

Wat in hierdie belydenis treffend aan die orde kom, is dat ons by die drie-enige God tegelyk gelykheid én onderskeid kry, eenheid én

verskeidenheid. Wat die drie persone se Goddelikheid, majesteit, heerlijkheid, aanbiddelikeit en almag betref, is hulle volkome gelyk. Tog, wat hulle funksies, persoonlikhede en take betref is hulle ongelyk. Waar eenheid tegelyk gelykheid en ongelykheid insluit, sou dit 'n tragiese verenging gewees het as eenheid met gelykheid vertaal sou wees. Die Vader het nie aan die kruis gehang nie, die Seun is nie uitgestort nie, die Gees is nie gebore nie.

Is dit dan enigsins die bedoeling van Jesus om sy 'ongediskrimineerde' gelykheid met sy Vader aan die orde te stel toe Hy van sy éénheid met sy Vader gepraat het, waarin sy verlore dissipels ook nou saam met Hom én sy Vader verenig word? Sou ons sy eenheid met die Vader as gelykheid met die Vader kon vertaal? Uit die konteks van die Hoëpriesterlike gebed is dit eerder die gedagte om die geskeie vyandskap wat daar weens die sondeval tussen God en mens gekom het, weer tot versoening te bring. Die vyandskapsverhouding kan deur die offergawe van Christus weer in volkome liefdes-, blydskaps-, heiligheids- en waarheidsbeleving met God en met mekaar omgesit word.

So moet die woord éénheid hier binne die konteks van die gebeure op die Groot Versoendag verstaan word: die hoëpriester wat binne in die allerheiligste vir die kerkvolk pleit. Alhoewel daar 'n verband tussen is, is dit nie Jesus se mening

om in hierdie gebed te praat van sy Godgelyke gestalte wat Hy in die hemele gehad en prysgegee het nie (Filippense 2). So 'n interpretasie van die betekenis van sy eenheid met die Vader is buite die skopus van die teks self.

As Jesus die eenheid tussen Hom en sy Vader voor sy dissipels uitspreek, stel Hy homself en sy Vader nie as gelykes nie; nog veel minder dat die Vader sy Vaderskapsposisie en funksie ontledig tot 'n gelykheid met die van die Seun. Hy bedoel met die eenheid met sy Vader 'n vereniging in volkome liefde. Daarin wil Hy al sy dissipels, ongeag hulle vele ongelykhede, laat deel.

Wanneer God ons in Christus as sy kinders aansien, sien Hy ons sonder aansien des persoons aan. Dan hang die kwaliteit van ons kindskap nie daarvan af of ons Jood of Griek, slaaf of vryman, man of vrou is nie, maar Hy sien 'n geregverdigde, 'n kwytgeskelde, 'n wedergeborene, 'n gelowige, 'n volwaardige kind, 'n mede-erfgenaar. Hy sien die een saad van Abraham, hulle almal in Christus. Almal van ons is in Hom verenig en toegedek, aangetrek met die kleed van Christus se volkome regverdigde dade. In Christus sien God die kerk en almal in die kerk – met hulle onderskeie gawes, roepings en funksies. God sien hulle onder die belofteseën van Abraham as nageslag van Abraham. Erfgename volgens die belofte.

## OP DIE KERKERF

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

# Sinode 2006 en Handeling 15 (3)

In Handeling 15 onderrig die Here ons oor verskeie beginsels wat betrekking het op ons kerkwees. Ons leer dat kerkverband 'n wonderlike gawe is. Kerke staan nie los van mekaar nie, maar word deur

die Here in 'n verbond aan mekaar verbind. Binne die kerkverband ontstaan daar egter van tyd tot tyd spanning en stryd. Gelowige mense is mense met tekortkominge en beperkte insigte. Genadiglik laat die

Here sy kerk in sulke omstandighede nie alleen aan hulle lot oor nie. Die krag van die kerkverband blyk daaruit dat verskillende aangespreke en uit die weg geruim kan word. In hierdie gees hou die kerke van

Antiochië en Jerusalem saam 'n vergadering oor die sogenaamde besnydenis-vraagstuk. Daar word diepgaande besin oor dié saak wat soveel onmin en hartseer veroorsaak het. Op grond van die Skrif kom die vergadering tot 'n eenparige besluit. Die verdeeldheid in die kerkverband word rondom die geopende Woord uitsorteer en opgeklaar.

Uit die slot van Handeling 15 en die begin van Handeling 16 word dit duidelik watter effek die besluit van die vergadering in Jerusalem op die kerkverband gehad het.

## Binding aan die besluit

Judas en Silas is deur die kerkvergadering in Jerusalem na Antiochië toe gestuur. Hulle moet die besluit wat geneem is aan die gemeente in Antiochië gaan oordra. Die Skrif leer ons presies hoe hulle te werk gegaan het. In Antiochië aangekom, word 'n gemeentevergadering gehou. Die brief met die besluit word in die gemeente afgelewer en voorgelees.

Dit is nie om dowe neute dat Judas en Silas so te werk gaan nie. So moet dit gebeur, so wil die Here dit hê. Tevore is al genoem dat kerklike vergaderinge nie in die grootste geheimhouding agter geslote deure plaasvind nie. Sake wat daar hanteer word, word - met uitsondering van enkele vertroulike aangeleenthede - in die openbaar bespreek. Besluite wat geneem word, is van toepassing op elke gelowige in die kerkverband. Daarom moet die besluite deur elke lidmaat aangehoor word.

Eintlik is dit logies. Hoe kan 'n mens aan 'n besluit gevolg gee, as jy nie weet wat die inhoud daarvan is nie? Maar dit gaan oor meer as logika. Daarvan maak Handeling 16:4 ons bewus.

Paulus se tweede sendingreis het begin. Tydens sy tweede sendingreis het Paulus, vergesel van Silas, heelparty van die stede aangedoen waar hy tydens sy eerste sendingreis ook was. In elke stad waar daar tevore 'n gemeente gestig is, het Paulus en Silas besoek gaan aflê om te sien hoe dit daar gaan. Oral het hulle 'die verordeninge wat deur die apostels en ouderlinge in Jerusalem

vasgestel was, aan hulle oorgegee om te onderhou'.

Die verordeninge (Grieks: *dogmata*) waarvan Handeling 16:4 melding maak, is die besluit oor die besnydenis-vraagstuk. Daardie besluit is in die eerste plek van toepassing op die lidmate van Jerusalem en Antiochië. Hulle was immers direk betrokke by die aanloop tot die besluit en die neem van die besluit. Nou hoor ons dat dit ook vir die ander kerke in die kerkverband 'oorgegee', bekendgemaak word.

Let op wat die kerke daarmee moet doen. Hulle moet dit 'onderhou'. Die kerke in Klein-Asië is aan die uitvoering van daardie besluit gebind, net soos wat die kerke in Jerusalem en Antiochië daaraan gebind is. Die Here eis dat besluite wat volgens sy Woord geneem word, deur al die kerke in die kerkverband eerbiedig word.

Op hierdie duidelike Skrifuitspraak is artikel 31 van ons Dordtse Kerkorde gebaseer:

'Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, sal vir vas en bindend gehou word, tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikel van die Kerkorde'. In praktyk beteken dit dat al besluite wat deur 'n sinode of klassis geneem word, deur die kerkraad van elke plaaslike kerk in die kerkverband nagegaan sal word. Die kerkraad moet seker maak dat die besluit daadwerklik ooreenkomstig die Woord van die Here geneem is. As die besluit ooreenkomstig die Woord is, moet die kerkraad die besluit sy eie maak. Hy moet die inhoud daarvan aan die gemeente bekend maak en die besluit dan uitvoer. As 'n bepaalde besluit egter nie ooreenkomstig die uitsprake van die heilige evangelie is nie, moet die kerkraad die redes daarvoor so gou as moontlik aan die kerkverband deurgee. Dan moet daar tydens 'n volgende sinode of klassis opnuut indringend na die saak gekyk word. Langs hierdie weg word daar aan besluite van meerdere kerklike vergaderings reg gedoen.

Dit is die reël wat die Here in sy Woord neerlê. Hoe, op watter

manier word dié reël in praktyk gebring? 'n Paar kritiese vrae spruit hieruit voort. Wat doen kerkrade met die notules van sinodes? Is dit nie so dat die 'dik boek' met besluite in baie gevalle op 'n rak in die konsistorie gebêre word nie? Oor die belangrikste sake en die opspraakwekkende beslissings word gepraat, maar die res bly dikwels onbekend. Die gevolg? Daar word besluite geneem, maar hulle word nie uitgevoer nie. Elke kerk doen wat hy dink reg is. Die eenheid van die kerkverband raak verlore. Dit is geen teorie nie. Hoe dikwels word dit nie genoem dat 'n mens in verskillende kerke van ons kerkverband totaal verskillende optredes bespeur nie? Selfs in die eredienste is die verskil merkbaar. Dan wonder 'n mens in alle eerlikheid of ons so een is in leer, diens en tug soos wat ons dit op papier erken en voorstaan.

Intussen staan die reël wat die Here in sy Woord neerlê. Besluite van kerklike vergaderinge is bindend. Dit beteken: besluite moet getoets, aanvaar en uitgevoer word. Daarmee saam: die hele gemeente, elke lidmaat, moet onder die indruk van die eenheid van kerkverband kom. Almal moet hulle eendragtig kan skaar agter besluite wat volgens Gods Woord geneem is. Dit kan slegs gebeur as die handeling van die sinode stuk-stuk aan die hele gemeente bekend gemaak word. Soos die ampsdraers in Antiochië en in die kerke van Klein-Asië gedoen het, so moet ons ook doen.

## Toepassing van die besluit

Iets eienaardigs gebeur as Paulus en Silas in Derbe en Listre aankom. Daar was 'n dissipel met die naam van Timoteus. Timoteus is vir ons 'n bekende figuur. Hy het later 'n predikant in Efese geword. Met die gebeure in Handeling 16 is Timoteus nog jonk. Hy is die seun van 'n gelowige Joodse vrou. Sy pa is 'n Griek, 'n heiden.

Paulus wou hê dat Timoteus saam met hom en Silas verder op die tweede sendingreis sou gaan. Dan lees ons dat Paulus vir Timoteus besny. Hoe kan Paulus dit doen?

Die besluit wat in die kerkverband geneem is, staan immers vas? Is Paulus nie besig om lynreg in stryd met die bindende besluit op te tree nie? Luister na die rede wat hy vir sy optrede aanvoer. Hy besny Timoteus ter wille van die Jode wat in daardie streke was. Dit kan mos nie? 'n Mens durf tog nie 'n besluit wat op grond van die Skrif geneem is, te verontagsaam ter wille van mense wat nie van daardie besluit hou nie?

Die vrae raak baie. Die kernvraag wat hier ter sprake is, is: hoe moet die besluit van die kerkvergadering in Jerusalem toegepas word? Die antwoord is: met inagneming van besondere omstandighede. Daarmee doen 'n mens geen afbreuk aan die besluit nie. Intendeel, daarmee word die bindende krag van die besluit bevestig.

Ons kom terug by die besnydenis van Timoteus. Die besluit van Jerusalem eis dat bekeerlinge uit die heidene nie besny moet word nie. Daar mag geen ander las op hulle

geplaas word as alleen die las van die geloof in Christus nie. Hierdie verbod sê niks van die Jode wat tot geloof in Jesus Christus gekom het nie. Volgens die Joodse reg moes kinders uit 'n gemengde huwelik van 'n Joodse vrou en 'n nie-Joodse man die moeder volg: hulle moet as Jood opgevoed word (Deuteronomium 7:3, 23:4 v). Timoteus val in daardie kategorie. Nou blyk dit dat Timoteus nie volgens die Joodse reg besny is nie. Vir die Jode is hy totaal onaanvaarbaar. Hulle sal hom nie in hulle midde ontvang nie, laat staan dat hulle na hom sal luister.

Met hierdie probleem worstel Paulus. Hy wil Timoteus saamvat op sy sendingreis, maar hy kan nie. Daar waar hy gaan, is die Jode baie. Hulle sal hom nie ontvang nie. Wat staan hom te doen? Ter wille van die voortgang van die verkondiging van die evangelie besny hy Timoteus. Dit wil sê: hy maak Timoteus gereed vir die sendingveld.

Tree Paulus in stryd met die besluit van Jerusalem op? Eis hy van

Timoteus dat hy besny moet word omdat hy sonder besnydenis nie gered kan word nie? Geensins. Timoteus glo van ganser harte in Jesus Christus. Sy besnydenis het met sy saligmakende geloof in Jesus Christus niks te doen nie. Sy besnydenis het wel alles met die verkondiging van Gods Woord op die sendingveld te doen.

So tree Paulus met hemelse wysheid op. Die bindende besluit van Jerusalem is in hierdie konkrete, delikate situasie suiwer toegepas.

In 'n ander situasie het Paulus dit anders gedoen. Titus, wat 'n Griek van vaders- en moederskant was, is nie besny nie (Galasiërs 2:3). Vir hom geld dieselfde beginsel as vir Timoteus: daar mag geen ander las opgelê word as alleen geloof in Jesus Christus nie. Daarom word hy nie besny nie.

Die grootsheid hiervan moet duidelik raakgesien en beleef word. Een besluit is bindend vir die hele kerkverband. Kerke in een deel van die land moet nie vir die kerke in 'n ander deel van die land sê: ons omstandighede is anders as julle s'n, daarom pas ons besluite maar by ons omstandighede aan nie. Kerke wat dit doen, ondermyn die kerkverband, en tas die eenheid in Jesus Christus aan. Sodanige optrede getuig nie van eerbiedige gehoorsaamheid nie, maar van eiewillige beteweterigheid.

Sake staan anders waar daar byvoorbeeld op die sendingveld gearbei word. Daar moet nog in baie opsigte groei kom. Dit beteken nie dat daar water by die wyn gevoeg mag word nie. 'n Saak is reg of verkeerd - daar bestaan geen twyfel oor nie.

Dit beteken wel dat iemand wat die waarheid nie ken nie, na die waarheid toe moet groei. Timoteus se besnydenis was so 'n trapklip na die waarheid toe. Sy besnydenis het die deur na die sinagoge oopgemaak; 'n deur wat anders toe sou bly.

In geheel gesien word dit duidelik dat bindende besluite in ware Godsvrees toegepas moet word. Omseiling van besluite deur menslik

## GALASIËRS Jesus Christus alleen

deur dr Attie H. Bogaards



Dit is 'n teks-vir-tekse verklaring van die brief van Paulus aan die Galasiërs. Deur die eeue heen was die leerstuk van die regverdigmaking deur die geloof alleen die teiken van Satan se aanslag. Dit is ook juis in Galasiërs in die geding: die mens wat 'n streep wil trek deur die *alleen*, deur die geloof alleen, deur Christus alleen.

Galasiërs trek egter 'n dik streep deur die mens se pogings om 'n bydrae tot sy eie saligheid te lewer. Daarteenoor onderstreep dit die evangelie van Jesus alleen.

Hierdie kommentaar – die eerste in die reeks 'Verklaring van die Heilige Skrif' – is 'n uitgawe van Die Boekuitgewers.


**142 ble, harde band.  
Die prys is R85 + posgeld**

Bestellings aan:

**Folmer Boekhandel,  
Posbus 11607, Queenswood 0121**

Tel. en faks: 012 329 0031

E-pos: iti03960@mweb.co.za



vernunftig jou saak bo die Skrif te stel, is geen Godsvrees nie. Brute deurdruk van besluite wat tot gevolg het dat die liggaam van Jesus Christus in stukke skeur, is ewe min 'n teken van Godsvrees.

Die Here eis absolute eerlikheid en tegelyk broederlike ontferming. Dan sal ons die beginsels van sy Woord toepas tot opbou van sy kerk.

### **Uitwerking van die besluit**

In Antiochië is daar groot blydschap as Judas en Silas die besluit rondom die besnydenis-vraagstuk voorlees en toelig. Die gemeente is dankbaar-bly vir die bemoediging en profetiese toeligtig wat hulle uit Jerusalem ontvang. Die onmin wat ontstaan het, is uit die weg geruim. Die harde woorde wat geval het, die seer wat dit veroorsaak het, die twyfel wat gesaai is, dit kan vir eens en vir altyd begrawe word. Die geharwar rondom die besnydenis-preek en alles wat daaruit voortgevloei het, het tot 'n einde gekom. Dit was die heilsame uitwerking van die eenparige besluit wat onder leiding van die Heilige Gees in Jerusalem geneem is.

Die gevolg daarvan is dat die ware vrede in die gemeente van Antiochië

teruggekeer het. Ware vrede beteken: alles en almal is weer in die regte plek. Paulus en Barnabas kan saam met die ander ampsdraers voortgaan met hulle onderrig - ook op die sendingveld. Die gemeente kan verder groei. Satan se probeerslag om die lidmate van mekaar te vervreem, het nie geslaag nie. Daarvoor het die Here gesorg.

Bowendien sorg die Here dat Satan se poging om die kerke van die een kerkverband uit mekaar te skeur, misluk. Sover soos wat Paulus en Barnabas en Timoteus die verskillende gemeentes aan die besluit van Jerusalem bind, word hulle in die geloof versterk. Die Here skep groei waar broeders woon en werk in onverstoerbare vrede.

Aan die ander kant moet gesê word dat die duiwel nie klaar gestry en gaan lê het nie. Galasiërs 2 vestig die aandag op 'n insident wat enkele jare later plaasgevind het. Daar het opnuut stryd oor dieselfde vraagstuk ontstaan. Petrus en Paulus het hewig met mekaar hieroor gebots. Tog het die eenheid in die waarheid bly seëvier.

Aan daardie eenheid moet ons van harte werk. Elkeen moet by homself begin. Na afloop van elke sinode,

ook Sinode 2006, moet erns gemaak word met alles wat besluit is. Wat dit betref lê daar heelwat en harde werk voor. Die besluite van die Nasionale Sinode – in besonder die ingrypende besluite oor die plek van die vrou in die kerk, die verdere hantering van die nuwe Psalmomdigting, die lidmaatskap van die SARK – sal haarfyn bestudeer en Skriftuurlik getoets moet word. So is elke gemeente gehoorsaam aan God en daadwerklik een met die susterskerke (GKSA) oor die lengte en breedte van ons land.

Ons sal ook dieselfde van ons susterskerke in die kerkverband moet verwag.

Alle ander Gereformeerde Kerke in ons land is eweneens aan besluite, aan vaste afsprake gebind. Ons sal mekaar moet opskep deur mekaar op ons geloofsbinding te wys waar daar wel afgewyk word (en ongelukkig is daar na afloop van die sinode reeds op talle maniere afgewyk). Niemand – al voel hy hoe sterk oor sy saak – mag doen wat goed is in sy eie oë nie, want dit werk kerkverwoestend. Elke kind van God word in die geloof versterk as almal saam doen wat die Here van sy kinders vra.

## **PERSSKOU**

**Ds GJ Meijer, Wonderboompoort**

# **Die eintlike sonde**

In die Persskou van Oktober 2005 is die vraag gestel of daar werklik 'n grys gebied oor die gay-vraagstuk bestaan. Met ander woorde: is die Skrif onduidelik of dalk nie duidelik genoeg oor homoseksualiteit nie? Die besluit van Sinode 2003 is nagegaan en as antwoord op die vraag aangebied. Kort en kragtig kan gestel word dat die Skrif nie grys oor gays is nie. Die Skrif is in die Ou en Nuwe Testament baie duidelik oor buite-egtelike seksuele omgang en homoseksuele omgang. Dit mis die begin bedoeling (doel) van die skepping van die man en vrou, soos

beskryf in Genesis 1 en 2. Daarom is dit sonde en vir die Here afskuwelik.

'n Kragtige sinodebesluit van die GKSA beteken egter nie dat die debat oor homoseksualiteit op 'n einde is nie. Allermens.

In *Beeld* van 22 Februarie 2006 het prof Adrio König nuwe petrol op die reeds vurige debat gegooi. Onder die opskrif 'Die eintlike sonde: gays wat heteroseksueel optree' skryf hy:

*Homoseks is net so 'n emosiebelaaide saak soos kerkhereniging. Baie mense luister nie regtig na mekaar*

*nie; hulle wag net tot hulle hul beurt kry om hul saak te stel. En die ander word van die ergste beskuldig. Selfs toonaangewende professore maak hulle hieraan skuldig. By 'n onlangse konferensie is eenvoudig gesê dié wat van "ons" verskil, aanvaar nie die gesag van die Bybel nie. Dis nie die waarheid nie, maar dit sit ekstra krag by die eie standpunt.*

*In dié artikel gaan ek my siening gee. Ek het nie alleenreg op Bybeluitleg nie. Ek is ook nie die enigste een in die debat wat die gesag van die Skrif aanvaar nie. Maar ek aanvaar dit*



volledig. Die vraag wat ek vra, is: Wat kry ons hieroor in die Bybel?

Behalwe die drie gedeeltes wat hier bespreek word, is daar elders net 'n enkele woord of frase waaruit nie veel afgelei kan word nie.

## Genesis 1 en 2

Mense wat sonder verdere onderskeidings daarop aandring dat alle vorms van homoseks sonde is, beroep hulle graag op die "skeppingsordening": God het man en vrou gemaak en daarom mag twee mense van dieselfde geslag nie seks hê nie. Hulle meen dít is duidelik in die skeppingsverhale in Genesis 1 en 2.

Maar so eenvoudig is dit nie. In Genesis 1 lees ons dat God die mens skep as man en vrou, en dan kom die bevel wat regstreeks volg op "man en vrou:" "Wees vrugbaar, word baie." Maar dan is dit mos 'n "skeppingsordening" dat man en vrou vrugbaar moet wees en baie word. Dan mag twee mense mos nie trou as hulle nie vrugbaar is en nie baie kan word nie?

Maar só kan ons darem nie met die Bybel omgaan nie. Dieselfde geld die standpunt dat net mans en vroue met mekaar seks mag hê. Dít staan eenvoudig nie in dié Skrifgedeelte nie.

## Genesis 19

Mense beroep hulle ook graag op Genesis 19. Hulle meen die rede waarom die stad hier ter sprake verdelg is, is omdat die mense homoseks wou beoefen. In werklikheid kry ons hier een van die heel belangrikste perspektiewe oor homoseksualiteit in die Bybel. Die geweldenaars wil die vreemdelinge gryp om met hulle geslagsgemeenskap te hê (19:5). Wat is die uitweg wat Lot aan hulle voorstel? "Vat my twee dogters." Maar homoseksuele mans sal mos nie in meisies belangstel nie? Is Lot laf?

Nee, Lot weet presies wat aangaan. Daar is geen sprake daarvan dat daar 'n hele stad vol mans was (19:4) wat van nature homoseksueel en ongetroud was nie. Dit was mans wat ander gewelddadig wou verneder, maar wat self

heteroseksueel was. Lot weet dit. Daarom hoop hy sy dogters sal hul aandag van sy besoekers aftrek. So skokkend as wat sy optrede was, so versigtig moet ons wees om allerlei afleidings uit sulke Ou Testamentiese verhale te maak.

Maar 'n uiters belangrike punt is hiermee gemaak: Dit gaan in Genesis 19 om heteroseksuele mans, waarvan die meeste waarskynlik getroud was, wat vreemdelinge gewelddadig wou verneder deur homoseks met hulle te beoefen. Homoseks is hier die homoseksuele optrede van heteroseksuele mans. Van mense wat van nature homoseksueel is, weet Genesis 19 niks. Dié mense se sonde is hul gewelddadige optrede teenoor die besoekers. Daar word dikwels na Sodom se sonde verwys in die Bybel, maar dit word nooit as die homoseksuele mense se homoseksuele optrede aangedui nie.

## Romeine 1:24-32

Op twee sake is al dikwels gewys: die homoseks waarna hier verwys word, is 'n straf van God, en tweedens gaan dit oor uiterste sondaars (1:29-31): mense wat 'n erger lys sondes bedryf as enige ander van Paulus se bekende sondelyste van heidene. Om in dié verband van "homoseksuele gelowiges" te praat, soos dit aan alle kante in die debat gedoen word, is 'n vreemde saak. Maar daar is 'n derde saak: Wie is dié mense? Dit gaan om die interpretasie van die volgende frases: Dis mense wat "die natuurlike omgang" verander "in 'n teen-natuurlike omgang". Ons lees van "mans" en "hulle vroue" (1:26,27).

Die vraag is watse "natuur" dié is: 'n algemeen menslike natuur wat eie is aan alle mense, of die mense ter sprake se natuur? Die eerste verklaring is dat Paulus hier 'n algemene menslike natuur van heteroseksualiteit veronderstel: dis hoe God mense gemaak het. Wie homoseksueel optree, tree teen dié Godgegewe natuur op ("teen-natuurlik"). "Hulle vroue" is dan vroue in die algemeen. Enige man/vrou wat homoseks beoefen, tree dus teen die skeppingsordening van God op, en dit is sonde.

Maar daar is 'n tweede verklaring van "natuur": die mense ter sprake se natuur. Hulle tree teen hul eie natuur op. Dié mense is heteroseksueel, maar beoefen homoseks. "Hulle vroue" is dan die betrokke mans se vroue. Dié verklaring veronderstel die volgende prentjie: Daar is getroude mans en vroue wat saans by die openbare baddens homoseks beoefen. Dis téén die mans se natuur, want hulle is heteroseksueel, en dus ook teen "hulle vroue" se natuur. Dit sou beteken dat dit hier, net soos in Genesis 19, gaan oor heteroseksuele mense wat homoseks beoefen.

'n Keuse tussen dié twee verklarings is moeilik. Maar ek meen die frase "hulle vroue" swaai die skaal in die guns van die tweede. Die "hulle vroue" kan beswaarlik na alle vroue in die algemeen verwys (waarom dan die "hulle"?), maar baie sinvol na dié mans se vroue wat hulle saans by die huis los. In dié geval was dit dus getroudes wat homoseksuele praktyke beoefen het. En dit is presies wat ons in Genesis 19 gekry het.

Ek meen daar is nêrens in die Bybel sprake van mense wat homoseksueel is nie. Dit beteken dat ons nie in die Bybel uitsprake het oor hulle nie. En ek sien geen rede waarom twee sulke mense in sonde leef as hulle getrou

### JAARVERGADERING

Die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel se jaarvergadering word DV gehou op Vrydagaand, 19 Mei en Saterdagoggend 20 Mei 2006. Die tema van die byeenkoms is: Ekumenies Gereformeerd – ons roeping. Vrydagaand wil ons die roeping belig uit die Ou en die Nuwe Testament. Saterdagoggend sal dan op die praktyk gefokus word.

Die sprekers sal DV in die volgende uitgawe bekendgemaak word.

Plek: Gereformeerde Kerk die Kandelaar, h/v Codonia & Dickensonlaan, Waverley, Pretoria

*aan mekaar is nie. Hulle sou sonde doen as hulle heteroseksueel optree, want dit sal teen hul natuur wees.*

Prof König se hantering van die Skrifte is merkwaardig. Hy stel dat hy geen alleenreg op Bybeluitleg het nie; ook dat hy heel beslis die gesag van die Skrif aanvaar. Dit klink goed. Met laasmaand se artikel van dr ALA Buys oor nederige interpretasie van die Skrif in gedagte, moet die stellings van prof König egter fyn geweeg word. Laat hy die Skrifte werklik spreek? Word daar gehoorsaam geluister na wat God sê?

Ten opsigte van Genesis 1 en 2 is dit opvallend dat prof König geen onderskeid tussen skeppingsordening en skeppingsopdrag maak nie. Hy verwar die twee sodanig, dat hy van die skeppingsordening eintlik 'n klug maak. 'n Ordening is 'n instelling. So is die huwelik 'n instelling van God. Oor dié instelling bestaan geen twyfel nie: man en vrou word deur God in die huwelik aan mekaar verbind. Voortspruitend uit en aansluitend by die ordening, kom die opdrag: vermeerder, verwek kinders, vul die aarde. Vir alle getroude mans en vrouens geld dié opdrag. Dit beteken nie dat alle getroude mans en vrouens die opdrag kan nakom nie. Daar is sedert die sondeval huwelike wat weens verskeie redes kinderloos bly – meestal tot groot verdriet van die Godvresende egpaar wat graag kinders sou verwek en

in die vrees van die HERE opvoed. Daar is ongelukkig ook getroude mans en vrouens wat verkies om kinderloos te wees. Hulle ignoreer God se skeppingsopdrag. Hoe dit ook al sy, prof König se aanname dat Genesis 1 en 2 nie daarop sou dui dat net mans en vrouens (in die huwelik) met mekaar seks mag hê nie, is onwaar.

Prof König se verklaring van Genesis 19 is 'n waaghalsige interpretasie-kragtoertjie. Anders as alle ander eksegete wat oor Genesis 19 geraadpleeg is, aanvaar hy dat heteroseksuele mans hulle aan homoseksuele optrede skuldig maak. Op grond van hierdie aanvaarding beweer hy stellig dat Genesis 19 van mense wat van nature homoseksueel is, niks weet nie. Sy stellige bewering kan nie bewys word nie. Wat wel opmerklik is, is dat die begrip sodomie deurgaans op teennatuurlike ontug, homoseksuele omgang wys (vergelyk 1 Korintiërs 6:10; HAT oor sodomie).

In gelyke mate is prof König se verklaring van Romeine 1:26-28, om die minste daarvan te sê, vergesog. Geen eksegete gaan van dieselfde veronderstelling as prof König uit, naamlik dat die vrouens van vers 26 en die mans van vers 27 met mekaar getroud is nie. Die tweede veronderstelling, naamlik dat die begrip 'natuur' ook opgevat kan word as elke mens se eie natuur –

die een het 'n heteroseksuele natuur en die ander 'n homoseksuele natuur (wat van 'n biseksuele natuur?) – is 'n blote gedagtespinsel. Bowendien is dit in stryd met die gegewe dat God die mens manlik en vroulik geskep het (Genesis 1:27); beslis nie iets anders nie.

Die slotsom van prof König, as dat daar in die Bybel nêrens van homoseksuele mense (en praktyke) sprake is nie, is ongegrond. Die verdere afleiding wat hy maak is nie net ongegrond nie, maar misleidend. Op grond van die argument van stilswye (ons het in die Bybel geen uitsprake oor homoseksualiteit nie), sien hy geen rede waarom twee homoseksuele mense in sonde leef as hulle aan mekaar getrou is nie. Die laaste afleiding is nie net misleidend nie, maar onskriftuurlik: homoseksuele sou sonde doen as hulle heteroseksueel optree, want dit sal teen hul natuur wees.

Die gang van gedagtes is duidelik. Fantasie-gedrewe interpretasie van bepaalde Skrifgedeeltes lei tot misleidende uitsprake en uiteindelik growwe verdraaiing van God se Woord. Die presiese teenoorgestelde van dit wat in die Skrif geleer word, word aan die mensdom as wet en evangelie voorgedra. Dit alles onder die vaandel 'ons hou vas aan die gesag van die Skrif'.

## Bybelgebruik oor homoseksualiteit

Die vraagstuk rondom homoseksualiteit is nie net in Suid-Afrika 'n warm punt van bespreking nie. Ook die kerke in Nederland worstel hiermee. In *Nader Bekeken* van 1 Januarie 2006 verwys ds PL Storm in sy 'Persrevue' na sekere opmerkings van ds M Janssens in hierdie verband.

Ds Janssens se opmerkings kom (oorgesit in Afrikaans en effens verkort) op die volgende neer:

### Romeine 14

Wat doen ons in die praktyk van die christelike kerk met Paulus se woorde uit Romeine 14:5 – Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees? Dit beteken myns insiens dat die kerk baie terughoudend moet wees om oordele oor allerhande sake uit te spreek. Die Skrifwoord beteken vir my dat elkeen persoonlik verantwoordelik is. Binne die

christelike gemeenskap mag 'n mens vir mekaar vae vra en mekaar aanspreek, en jousef oor jou leefwyse verantwoord. Maar dit is iets anders as dat die kerk 'n soort van 'n magswoord uitspreek.

*Dit is opvallend dat Paulus in Romeine 14 oor konkrete sake handel, sake waarvoor hy gemaklik kon sê wat die korrekte opvatting behoort te wees. Maar hy doen dit nie. Hy skryf ook nie voor hoe die*



*christelike kerk oor die dinge moet dink nie, alhoewel dit sake is wat nie teoreties van aard is nie, maar uiters prakties.*

*Paulus se manier van optrede het direk te doen met die funksionering van die gemeente, die inhoud van die evangelie en die vertaling daarvan in die praktyk. Hierdie sake vorm deel van die identiteit van die gemeente. So is die stelreël van die apostel: 'laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees'. Anders gesê: sorg dat jy naby die Here bly. Op dieselfde spoor: wees daarop bedag dat jy nie ander veroordeel of verag nie. In dieselfde verband: aanvaar mekaar soos en omdat ook Christus ons aanvaar het. Besef ons genoegsaam wat dit beteken? Dit gee gemeenskap, ruimte en respek.*

#### **VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL**

##### *Redaksie:*

Dr ALA Buys  
Mev J de Wind  
Ds HLJ Momberg  
Posbus 31712, Totiusdal, 0134  
Tel 012 332 4676  
e-pos: alabuys@lantic.net  
jdewind@mweb.co.za

##### *Medewerkers:*

Dr AH Bogaards  
Prof GJC Jordaan  
Ds GJ Meijer  
Ds SJMS Smit  
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

##### *Administrasie-adres:*

Mev Hanneke Das  
Waarheid en Dwaling  
Posbus 31712, Totiusdal, 0134  
Tel 012 331 4733 (na 14:00)  
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za  
Faks 012 335 9135

##### *Intekengeld:*

R130 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

**Waarheid en Dwaling**  
**Spaarrekening 9054701904**  
**ABSA, Waverley, Pretoria**

##### *Tegniese versorging:*

Printburo  
Posbus 25316  
Gezina, 0031

## **Genesis 2**

*Die Woord van God in Genesis 2 is bekend: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Dikwels word die instelling van die huwelik hierin gesien. Myns insiens ten onregte. Wie is die mens waaroor hier gepraat word? Hier staan nie "die man" nie. Tot en met Genesis 2:18 word daar nie oor mans of vrouens, nie oor Adam of Eva gepraat nie. Genesis 1 vermeld dat die mens geskep word. In die mensheid is daar 'n onderverdeling: manlik en vroulik. Daar is twee soorte mense, manlike mense en vroulike mense. As mens is jy beeld van God: sommiges blank, ander gekleurd; sommiges groot, ander klein; sommiges teoloog, ander tuinman; sommiges manlik, ander vroulik. Jy is mens, mens van God.*

*Die Here God verklaar dat mense mense nodig het. Dit is die wysheid wat in Genesis 2 ter sprake is. Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Dié mens, sonder onderskeid. 'n Mens word eers werklik mens, jy funksioneer eers werklik goed binne verhoudings. Dit is in die christelike kerk die gawe en opgawe om na mekaar om te sien, om verhoudings aan te gaan, om tot hulp van die ander te wees.*

*Uiteraard spreek God in Genesis 2 oor die man-vrou-verhouding met die oog op die mens en sy vrou. Maar dit hoef nie daartoe beperk te wees nie. Laat dit so wees dat die man-vrou-verhouding die hooflyn in die geskiedenis, in God se bedoeling met die mensdom is. Maar daarmee is nie gesê dat homofilie van die begin af uit die bose is en veroordeel word nie.*

*Mense het mense nodig. Dit geld vir elke mens. Daarom is dit so goed dat mense wat geen vaste lewensmaat (meer) het nie, goeie vriendskappe opbou en onderhou. 'n Mens kan dit toespits op die huwelik, maar moet verhoudings tussen mense nie tot die huwelik alleen beperk nie. My vraag is: Mag jy die woord van Genesis 2:18 in die toegespitste sin van 'n een-tot-een verhouding aan homofiele mense ontsê?*

Die taal van ds Janssens kom duidelik ooreen met dié van prof

König. Duidelike Skrifuitsprake, soos Genesis 2, word op 'n kunstige manier in hulle teendeel omgedraai. Laat daar geen twyfel oor bestaan nie: Genesis 2:18 het met man en vrou te doen; met niks en niemand anders nie. Die oomblik wanneer dit anders ingekleur word, word dit teennatuurlik, voor God verwerplik. Dit sê God Self (Romeine 1). Die mens moet nie wyser as God wil wees nie.

Ds Janssens se verklaring van Romeine 14:5 is kommerwekkend. Sonder om die vraagstuk wat in Romeine 14 en 15 aan die orde is in berekening te bring, word 'n onderdeel van 'n vers tot algemene stelling verhef: 'laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees'. Die dief kan dus maar steel, solank as wat hy oortuig is dat dit reg is om te steel. As hy huiwer om te steel, doen hy sonde. Net so kan die moordenaar moord pleeg, die homoseksueel homoseksualiteit beoefen. Sorg net dat jy absoluut oortuig is van dit wat jy doen en 'naby die Here bly'. Die vraag is uiteraard: hoe bly jy naby die Here, anders as om uit liefde vir Hom sy wet te gehoorsaam (1 Johannes 5:2-4)?

Die Skrif waarsku ons teen wolwe in skaapsklere. Hier kry ons te doen met die stem van 'n lam (teksverse word kwistig aangehaal), maar die gepraat is die praat van 'n wolf wat verslind (2 Tessalonisense 2:7-12).